



DIE STRANDLOPER

Hierdie is die vierde verslag vir 2020.

POLITIEK

- Die internasionale en plaaslike politieke omgewing word steeds deur die Covid-19 pandemie asook politici se reaksie op die virus wat elke inperking ontwyk, maar blykbaar sosiale afstand eerbiedig, oorheers.
- Volgens Suid-Afrikaanse reëls en regulasies, word niemand toegelaat om familie en vriende te besoek nie, maar ek veronderstel dat jy wel jou vyande gedurende die inperking mag besoek!
- Lugrederye is wêreldwyd in ernstige finansiële moeilikheid en dit word verwag dat baie nie die huidige inperkings sal oorleef nie. Ons minister van openbare ondernemings kan egter nie aanvaar dat ons staat daarin geslaag het om met swak bestuur, die SAL tot in die grond te bestuur nie. Hy wil nou die SAL uit die ashoop laat herleef, alhoewel niemand toegelaat word om te vlieg nie, met geld wat blykbaar uit die hemel sal val sodat die nuwe lugdiens weer eens in 'n nuwe hoop van slegte skuld kan beland!
- Die Covid-19 pandemie met sy vernietigende impak op VSA indiensneming en ekonomiese groei kon nie op 'n slegter tyd as juis nou vir president Donald Trump wat weer op 3 November as VSA president herkies wil word, gekom het nie.
- Iran bly 'n brandpunt in die Midde-Ooste.
- Die Groot Noord-Koreaanse leier het 'n tydlang verdwyn en toe weer sy verskyning gemaak met aanduidings dat hy sy ambisieuse missiel lanseringsprogram wil voortsit, terwyl sy mense in armoede voortleef.
- Zimbabwe staar ernstige hongersnood in die gesig. Dit dui daarop dat meer mense sal poog om beter lewensomstandighede in die RSA te kom soek nie teenstaande die grensdraadjie wat op die Limpopo-oewer opgerig is.
- Tans is dit onduidelik waarheen die verhongerde Venezulane wat nog in die bankrot land oor is, sal gaan.
- Dit is steeds onwaarskynlik dat die sluiting van Europese grense die emigrasie vanuit baie Afrikalande na Europa sal stop.
- Intussen wil dit voorkom asof die Brexit onderhandelings ook in 'n staat van inperking is terwyl 'n Desember ooreenkoms met die Europese Unie (EU), al hoe meer onwaarskynlik lyk.

INTERNASIONAAL



- Die ontwrigting van die wêreld ekonomie wat deur die onsigbare koronavirus veroorsaak word en die intense impak daarvan sal eintlik meer in die tweede kwartaal as in die eerste kwartaal van 2020 ervaar word. Dit laat geen twyfel dat die eerste helfte van 2020 intense negatiewe groeikoerse sal sien—selfs meer so as tydens die finansiële krisis van 2008/9.
- Vir 2020 word negatiewe groeikoerse van amper 5% vir die wêreld ekonomie, sowat 6.5% vir die VSA, 8% vir die VK, sowat 7% vir die EU, meer as 6.5% vir Duitsland, meer as 8% vir Japan, en positiewe groei van net meer as 1% vir China voorspel.
- Om die ontwrigtende impak wat die virus op die onderskeie ekonomieë het, teen te werk, het sentrale banke rentekoerse verlaag en massiewe likiditeit in die finansiële stelsel gepomp. Terselfdertyd het regerings massiewe stimuluspakette aangekondig by wyse van belastingverligting en groot bestedingsprogramme om sektore van die onderskeie ekonomieë te ondersteun. Al hierdie pogings is om die skade wat deur die inperkings wat op die uitbreek van die Covid-19 epidemie gevolg het, te beperk en te voorkom dat ekonomieë intuïmel en dat die wêreld ekonomie van 'n baie diep resessie nie in 'n langdurige depressie verval nie.
- Soos wat lande voel dat die pandemie versag, word die inperkings verminder en verbeter groei.
- In die VSA is die impak van die pandemie veral sigbaar in die massiewe toename van werkloosheid, terwyl Europese maatskappye ondersteuning gekry het om arbeid te beskerm en te voorkom dat werkloosheid deur die dak gaan.
- Gegewe die groot finansiële ondersteuning wat vir ekonomieë verleen is, het die vrees toegeneem dat inflasie in komende maande skerp kan styg. Ek is egter van mening dat inflasie waarskynlik nie skerp sal styg nie. Eerstens is dit onwaarskynlik dat die skerp toename in VSA werkloosheid binnekort sal verdwyn, terwyl werkoosheid in ander lande ook sal styg of werknemers 'n verlaging in vergoeding moet aanvaar. Tweedens is dit onwaarskynlik dat die virus in die afsienbare toekoms sal verdwyn en verbruikers sal steeds versigtig wees om inkoopentrums of selfs gewone winkels te betree in die res van die jaar en selfs in 2021. Verder word aanvaar dat baie maatskappye nie die inperkings sal oorleef nie en sal bydra tot die swak vertoning van die ekonomieë kort na die inperkings tot 'n einde kom.
- Verbruiksbesteding wat die dryfveer van groei in die wêreld ekonomie was in die afgelope aantal jare, sal waarskynlik nie 'n sterk herstel in 2020 of in 2021 toon nie. Bykomend tot die matige herstel van verbruiksbesteding, word verwag dat energiepryse nie 'n skerp styging in die volgende twaalf tot agtien maande sal toon nie.
- Alhoewel voorspel word dat die wêreld ekonomie in 2021 'n groeikoers van 6% kan toon, sal dit van 'n baie lae basis wees.
- Die jongste werkloosheidsyfers is: VSA 14.7% in April vergeleke met 4.4% in Maart, VK 4%, Eurogebied 7.4%, Duitsland 3.5%, Japan 2.5%, China 5.9%. Die VSA April syfer is 'n rekord in die huidige reeks syfers en weerspieël die 20.5 miljoen mense wat hul werk verloor het weens die Covid-19 pandemie.
- Die jongste inflasiesyfers is steeds laag met die VSA en VK op 1.5%, die Eurogebied 0.4%, Duitsland 0.8%, Japan op 0.4% en China op 4.3%.
- Korttermynrentekoerse is op baie lae vlakke in die meeste nywerheidslande en laat min ruimte vir verdere verlaging. Terselfdertyd



word, gegewe die stand van die wêrelddekkonomie, inflasie en werkloosheid, geen styging van hierdie rentekoerse in die volgende twaalf tot agtien maande verwag nie,

- Langtermynrentekoerse is ook op baie lae vlakke en in baie gevalle negatief. Sommige kommentators is van mening dat hierdie koerse in komende maande selfs verder kan daal. Op 1 Mei het tienjaarstaatseffekte in die VSA teen 0.61% verhandel (0.65% op 30/3/20), VK tienjaarstaatseffekte teen 0.25% (0.32% op 30/3/20), Duitse effekte teen -0.58% (-0.53% op 30/3/20), Japanse effekte teen -0.02% (-0.01% op 30/3/20) en Chinese effekte teen 2.51% (2.7% op 30/3/20).
- Die vertoning van algemene kommoditeite was die afgelope maand 'n redelike mengsel van positiewe en negatiewe groei. Koper styg met 5.4%, staal met 2.8%, nikkel met 6%, aluminium met 1.3%, tin met 5.8%, sink met 4.2%, ystererts met 3.7% en mangaan met 24%. Terselfdertyd daal steenkool met 10.8%, palladium met 13.8%, rodium met 22.4%. Die vooruitsigte vir algemene kommoditeite het verbeter omdat die Chinese ekonomie beter vertoon het nadat die inperkings in dié ekonomie verminder het. Terselfdertyd duur onsekerhede in dié mark voort omdat dit onduidelik is hoe diep die huidige resessie sal wees en hoe lank dit sal duur. Dit is ook onduidelik hoe sterk die herstel in 2021 sal wees en tot watter mate dit die vraag na kommoditeite sal ondersteun.
- Goud skommel rondom \$1700 per fynons. Alhoewel dit met meer as 32% oor die afgelope twaalf maande gestyg het, het dit slegs met 1.6% in die afgelope maand gestyg. Dit word bevoordeel deur die lae en dalende internasionale rentekoerse, die groot volume likiditeit wat in die markte ingepomp word en die verwagting dat hierdie stygende likiditeit tot 'n sterk

toename in inflasie in die volgende twaalf tot agtien maande sal lei. Platinum het die afgelope maand met 2.94% gestyg, maar het oor die afgelope twaalf maande met 9% geval. Dit word verwag dat platinum – en ook palladium en rodium – in komende maande swak sal bly vertoon omdat die wêreldwye motormark skerp tydens die inperkings verswak het en na verwagting nie vinnige herstel sal toon nie.

- Oliepryse het in die afgelope week herstel. Dit het herstel weens aanduidings dat lande die pandemie inperkings verminder en dat die VSA olieproduksie sal daal omdat die aantal oliebores in die VSA tot 'n historiese laagtepunt van 374 bore in die week tot einde 8 Mei geval het. Oor die afgelope twaalf maande het die Brent ruolieprys met meer as 56% geval. Alhoewel die olieprys tans herstel, word verwag dat dit 'n langsame proses sal wees weens die vooruitsigte vir die wêrelddekkonomie in die volgende twaalf tot agtien maande.

PLAASLIK

- Die jongste vooruitskattings is dat die plaaslike ekonomie met tussen 6% en 16% in 2020 sal krimp. Dit word voorspel dat die ekonomie in 2021 met 5% kan herstel.
- Hou egter in gedagte dat die huidige onsekerhede van so 'n aard is dat enige vooruitskattings eintlik waardeloos is. Hierdie onsekerhede hou verband met die lengte van die huidige inperking, die intensiteit van die inperking, hoe baie maatskappye, klein, medium en groot, die inperking sal oorleef, hoe baie mense werkloos sal word, hoe baie maatskappye sal die periode nadat die inperking tot 'n einde gekom het, oorleef. Tans is daar nie antwoorde op die bostaande vrae nie.
- Ons kan egter sê dat hoe langer die inperking van die ekonomie voortduur, hoe dieper sal die resessie wees en hoe meer



mense sal hul werk verloor en hoe groter sal die impak op die verbruiker se welvaart en sy bestedingsvermoë wees. Ongelukkig is daar geen aanduidings dat die ministers wat die besluite neem, enige aanvoeling het vir die gewone man en vrou op straat en hul behoeftes nie. Baie van die reëls en regulasies maak geen sin in terme van hoe dit mense teen die virus sal beskerm nie.

- Die vrees bestaan dat meer mense hul lewe kan verloor weens die inperking en die verlies aan inkome as weens die gesondheidsbedreiging van die Covid-19 pandemie.
- Die R500 miljard ondersteuningspakket wat deur die regering aangekondig is, sal hopelik sommige individue en maatskappye ondersteun, alhoewel dit voorkom asof daar probleme is om die hulp aan individue en maatskappye te versprei en dat ras en politieke affiliasies 'n rol speel in die verspreiding van die hulp.
- Regeringsbesteding sal styg weens die ondersteuningspakette asook die R400 miljoen hulp aan Kuba, terwyl belastinginkomste onder druk verkeer. Die impak van die negatiewe groei van die ekonomie op belastinginkomste word verder vererger weens die verbod op die verkoop van drank en sigarette. Daarom word verwag dat die begrotingstekort in die huidige fiskale jaar skerp sal styg en dat die regering meer fondse sal moet leen om hierdie tekort te finansier. Rentekoste sal duurder word weens die kredietafgraderings van die land tot rommelstatus wat aandui dat hoër kommissies en fooie betaal sal moet word in komende maande en jare op fondse wat die openbare sektor leen. 'n Groot deel van die begrotingstekort sal ook deur die invloei van buitelandse kapitaal, soos lenings van die IMF, finansier moet word.
- Gelukkig is die aanduidings dat die tekort op die lopenderekening van die betalingsbalans in die huidige kalenderjaar baie kleiner sal wees as in vorige jare en maklik deur die invloei van korttermyn buitelandse kapitaal finansier sal word. In Maart is die grootste handelsurplus sedert minstens Januarie 1957 aangeteken naamlik R24.3 miljard na die Februarie surplus van R13.7 miljard. In die eerste drie maande van die jaar beloop die handelsurplus R34.93 miljard teenoor die tekort van R5.28 miljard wat in dieselfde periode van 2019 aangeteken is.
- Werkloosheid sal in komende maande skerp styg soos maatskappye bankrot en mense oorbodig raak. Werkloosheid sal in komende maande bo 30% wees.
- Die verwagting is dat inflasie in 2020 goed onder beheer sal bly en kan moontlik tot vlakke van net meer as 3% gemiddeld daal. Alhoewel verwag word dat inflasie in 2021 sal styg, word voorspel dat dit onder die 4.5% mikpunt van die Reserwebank sal bly.
- Korttermynrentekoerse sal na verwagting met 'n verdere 125 basispunte in die volgende twaalf maande verlaag word. Dit sal die swak vertoning van die ekonomie, die lae inflasie asook die hoë werkloosheid weerspieël.
- Die vrees was dat langtermynrentekoerse skerp sou styg wanneer ons op 30 April uit die Wêreld Staatseffekteindeks val en sommige internasionale investeerders nie meer toegelaat sou word om in plaaslike staatseffekte te belê nie. Maar die afgradering was reeds geruime tyd verwag en plaaslike en internasionale investeerders en spekulante het hulself geposisioneer in die maande voor dit gebeur het.
- Die rand bly wisselvallig. Tans word dit beïnvloed deur die onsekerheid rakende die inperking van die ekonomie, die onsekerheid rakende ontlukende lande in



die algemeen, die groot en stygende begrotingstekort en die gevolglike stygende staatskuld en die impak daarvan op maontlike verdere afgraderings, die impak van die onlangse afgraderings op plaaslike finansiële markte, die sterk of swak vertoning van die dollar, politieke stellings oor grondonteiening sonder vergoeding en die implementering van die die onbekostigbare en onwerkbare nasionale gesondheids-versekeringskema. Intussen word die rand steeds tot 'n mate ondersteun deur die rengtekoersdifferensiaal tussen plaaslike en internasionale rentekoerse asook die steeds goed funksionerende finansiële stelsel.+

BELEGGINGSOMGEWING

- Groei van die wêreld ekonomie, internasionale finansiële en kommoditeitsmarkte word steeds ontwig deur die inperkings wat ingestel word om die Covid-19 pandemie te beperk. Die pandemie sal veral 'n groot impak op die eerste helfte van 2020 hê, maar kan ekonomiese groei, finansiële en kommoditeitsmarkte ontwig tot diep in 2021.
- Gegewe huidige onsekerhede, is fondse steeds op soek na veilige bestemmings soos die finansiële instrumente van die VSA, VK, Duitsland, Switserland en Japan.
- Dit word verwag dat langtermynrentekoerse in komende maande selfs verder kan daal vanaf huidige baie lae vlakke.
- Internasionale korttermynrentekoerse kan verder verlaag word in komende weke en maande. Hierdie kortkoerse sal waarskynlik nie styg voor 2022 nie.
- Nadat fondse aandeelmarkte op groot skaal verlaat het in die afgelope paar maande, het aandeelbeurse in die afgelope maand tot 'n groot mate gestabiliseer. Dit is weens die aanname dat die onlangse verslapping van inperkings sal voortgaan en dat monetêre beleid steeds stimulerend sal wees en groei, winste en dividende in komende maande sal ondersteun.
- Algemene kommoditeitsmarkte bly wisselvallig. Die vooruitsigte vir die Chinese ekonomie verbeter en blykbaar is die ergste van die pandemie verby. Die vooruitsigte vir die wêreld ekonomie bly egter mistroostig en dit word verwag dat algemene kommoditeitspryse slegs stadig sal herstel in die res van 2020. Spesifieke vraag en aanbod situasies moet egter in gedagte gehou word.
- Edelmetale word steeds deur lae internasionale rentekoerse, massiewe likiditeitsveruiming in die finansiële stelsel asook voortgesette onsekerhede wat deur die pandemie in die finansiële stelsel veroorsaak word, ondersteun.
- Die internasionale olieprys het in die afgelope maand gestabiliseer en van sy uiters lae vlakke herstel. Gegewe die swak vooruitsigte vir die wêreld ekonomie in die res van 2020, is dit waarskynlik dat die olieprys slegs matige herstel in die res van die jaar sal toon.
- Plaaslike kortkoerse sal in die res van 2020 verder verlaag word.
- Plaaslike langkoerse het in die afgelope maand gedaal, nieteenstaande die kredietafgradering na rommelstatus. Dit dui daarop dat die meeste plaaslike en internasionale beleggers en spekulêrers hulle self geposisioneer het lank voor dit werklik gebeur het. Die groot en stygende openbare sektor vraag na langtermyn finansiering dui daarop dat langkoerse in komende maande onder opwaartse druk kan kom. Lae inflasie en swak ekonomiese groei sal enige opwaartse beweging beperk.
- Die plaaslike aandelebeurse het in die afgelope maand gestabiliseer en gestyg. Swak ekonomiese groei en politieke



onsekerhede sal waarskynlik enige opwaartse beweging in die res van die jaar beperk.

- Die rand bly wisselvallig, maar kan van huidige baie swak vlakke ietwat versterk. Indien daar egter nie grootskaalse

verandering aan ekonomiese beleid plaasvind gedurende en na die inperkingsperiode nie, moet aanvaar word dat die rand in die langer termyn teenoor die belangrikste geldeenhede sal verswak.

Ulrich Joubert

9 Mei 2020.

Hoewel moeitegedoen is om hierdie dokument so noukeurig moontlik optestel, aanvaar die opsteller hiervan geen verantwoordelikheid vir die besluite wat op grond van die inligting hieringeneem word nie.

Kontakbesonderhede: ulrich.joubert@gmail.com | sel: 083 458 1370

